# Die Byekorf

2017/05/31 Standerton Akademie



19/17

Geagte ouers

**Streeksredenaars**

Baie dankie aan al ons ouers wat tydens hierdie funksie opgetree het as beamptes en ook gehelp het met die verkope. Die dag was 'n reuse sukses en ons het net die hoogste lof van besoekende skole ontvang. Baie geluk aan al ons deelnemers wat so puik presteer het. 'n Besondere woord van geluk aan die leerlinge wat deurgedring het om aan die SA Redenaars op 18 Augustus 2017 te Lichtenburg deel te neem.

Graad 1: Jean-Roux Flack (Eerste plek)
Johanco Griesel (Tweede plek)
Bismarck Fischer-Gerber (Derde plek)

Graad 2: Carel Hancke (Eerste plek)
Leo Bester (Derde plek)

Graad 6: Maritz Hancke (Eerste plek)

Graad 7: Nadia Cronje (Derde plek)



**Fasewenners:**

Juniors: Carel Hancke

Seniors: Maritz Hancke

**SADI Dans**



Baie geluk aan Mia Pretorius en Zené Griesel met hul puik prestasie verlede week in Centurion. Beide verwerf goue medaljes met spesiale toekennings vir albei danse asook die kompetisie beker vir hul ouderdom.

**SANESA Perdry**

Baie geluk aan al ons deelnemers wat so puik presteer het met die afgelope naweek se perdrykompetisie te Parys. Nie net het hierdie leerlinge ons skool trots gemaak met hul pragtige kleredrag, maar is ons ook baie trots op hul puik prestasies.

Klara van der Linde
Inge van der Linde
Alma Hipkin
FJ Lötz
Elrie Lötz
Dané van der Linde
Danje Pretorius



**Rugby en Netbal**

Sterkte aan al ons leerlinge met die rugby en netbal eerskomende naweek.

**Val Boeredag: 5 Julie 2017**

Soos u reeds weet beman Standerton Akademie vanjaar weer die Val Boeredag se hekke. Ons benodig ongeveer 20 ouers om die betrokke Woensdag 'n skof van 3 ure te werk. Skofte is vanaf 06:00 – 09:00, 09:00 – 12:00 en 12:00 – 15:00.
Stuur asseblief u naam en die tyd wat u kan help nie later as eerskomende Vrydag na Daleen by die kantoor. Ouers help ons asseblief met hierdie projek. Soos u reeds weet doen Standerton Akademie nie vanjaar die Standerton Skouhekke nie.

**Kultuurfees**

Alle leerlinge wat deelneem aan die kultuurfees moet volgende Vrydag hul onderskeie items as oudisies by die skool lewer. Ouers sien asseblief toe dat die kind die stuk wat hy gaan lees, voordra, of opsê saambring. Ons herinner weer aan die individuele inskrywingsfooi vir die kultuurfees: R10 registrasie en R45 per item.

**Bybelkennis: Tweede rondte**

Sterkte aan ons vyf leerlinge wat Donderdag deelneem aan die tweede rondte van die Bybelkennis.

**Administratiewe pos**

Soos u reeds weet gaan mev. Podges einde September op kraamverlof. Indien daar enige ouer is wat belangstel om aansoek te doen om in Daleen se plek af te los moet u asseblief 'n volledige CV by meneer kom inhandig nie later as Vrydag, 2 Junie. U is welkom om die ure en vergoeding met my te kom bespreek.

**Steelchallenge – Gongskietdag**

(Sien die advertensie en inskrywingsvorms in u kind se posbus.) Kontak asseblief Daleen by die kantoor vir enige navrae. Maak net asseblief seker dat die formaat vanjaar verander na 4 lede per span teen R350 per skut.

**Beyerskloof Wynproe-aand 9 Junie 2017**

Kaartjies vir hierdie spogfunksie wat deur ons skool aangebied word is nou beskikbaar teen R300.00 per persoon wat 'n ete insluit. Die funksie vind plaas by die Standerton Gholfklub om 18:00. Ouers hierdie kaartjies verkoop regtig baie goed en ons wil u aanmoedig om so gou moontlik kaartjies te koop om teleurstelling te vermy.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 31 Mei tot 6 Junie verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 6 Junie : Elrie Lötz | 3 Junie : Madré van Heerden |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE

S. Swanepoel